Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2020

EcoleBooks

# TEGNIESE WETENSKAPPE V2

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, insluitend 2 gegewensbladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

2. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy in die ANTWOORDEBOEK.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Laat EEN reël oop tussen twee subvrae, byvoorbeeld tussen VRAAG 2.1 en VRAAG 2.2.

6. Jy word aangeraai om die aangehegte GEGEWENSBLAAIE te gebruik.

7. Toon ALLE formules en vervangings in ALLE berekeninge.

8. Rond jou finale numeriese antwoorde tot ŉ minimum van TWEE desimale plekke af.

9. Gee kort (bondige) motiverings, besprekings, ensovoorts waar nodig.

10. Skryf netjies en leesbaar.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 D.

1.1 Die aantal protone in ŉ atoom is dieselfde as die …

A elektrone.

B neutrone.

C massagetal.

D atoomgetal. (2)

1.2 Noem TWEE partikels wat in die nukleus van ŉ atoom gevind word.

A Neutrone en elektrone

B Protone en elektrone

C Protone en neutrone

D Neutrone en ladings (2)

1.3 Die korrekte sp-notasie vir Boor is …

A $1s^2\ 2s^2$.

B $1s^2\ 2s^2\ 2p^5$.

C $1s^2\ 2s^2\ 2p^1$.

D $1s^2\ 2s^2\ 2p^6\ 3s^1$. (2)

1.4 Watter simbool van ŉ element verteenwoordig ŉ alkali-aard metaal op die periodieke tabel?

A Ba

B Na

C Al

D Ni (2)

1.5 Die VALENSIE van yster in $FeSO_4$ is ...

A +1.

B +2.

C +3.

D -2. (2)

1.6 Watter EEN van die eienskappe kan gebruik word om stowwe te identifiseer?

A Lengte

B Gewig

C Digtheid

D Temperatuur (2)

1.7 ŉ Voorbeeld van ŉ ferromagnetiese stof is ...

A Co.

B Mg.

C Be.

D Cu. (2)

1.8 ŉ Onbekende materiaal is verbind in ŉ stroombaan wat bestaan uit ŉ battery, ammeter en verbindingsdrade. Die lesing op die ammeter is 0 A. Die tipe onbekende materiaal is dus ŉ ...

A geleier.

B metaal.

ÉcoleBooks

C isolator.

D halfgeleier. (2)

1.9 Die korrekte chemiese naam vir $A\ell_2O_3$ is ...

A aluminiumoksied.

B aluminiumdioksied.

C aluminiumtrioksied.

D aluminiummonoksied. (2)

1.10 Die ontbrekende Stock-notasie vir $CuNO_2$ is ...

A I.

B II.

C III.

D IV. (2)
**[20]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die volgende eienskappe van materiale en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| termiese geleidingsvermoë; rekbaar; smeltpunt; magneties; elektriese geleidingsvermoë, bros; kookpunt; nie-magneties; digtheid; smeebaar |

Skryf die nommers (2.1.1 tot 2.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer en langs elke nommer, skryf EEN van die bogenoemde eienskappe neer wat die stelling hieronder die beste beskryf.

2.1.1 ŉ Klipharde blok margarien sal verander van vastestof vorm in die yskas na ŉ vloeistofvorm op ŉ warm dag (2)

2.1.2 ŉ Leer wat van aluminium gemaak is, is makliker om te dra as ŉ staalleer as gevolg van ŉ sekere eienskap (2)

2.1.3 Plaatmetaal wat gepars word in die vorm van motorbakpanele (2)

2.1.4 Koper en laekoolstofstaal is materiale wat gebruik word om draad te vervaardig (2)

2.1.5 Aluminiumkoppie wat kookwater bevat en hou die water warm vir langer ŉ tydperk (2)

ÉcoleBooks

2.2 Lees die volgende en beantwoord die vrae wat volg.

> *Aluminium* word gebruik as kombuisfoelie en aan die bokant van koeldrankblikkies.
>
> *Koolstof* word gebruik as lood binne-in ŉ potlood, en steenkool en gebrande hout is meestal koolstof.
>
> Gebruike van *yster* in daaglikse leefwyse sluit in masjiene en gereedskap sowel as voertuie en strukturele elemente van geboue en brûe.
>
> Waterpype is dikwels *koper,* sodat daar afgesnyde snit gevind kan word.
>
> Die buitenste metaal van goedkoop AA grootte flitsligselle is van *sink* gemaak.
>
> *Nikkel* word in verskillende metaallegerings gebruik. Jy mag dit vind in wapenrusting, spykers of pype.

2.2.1 Beweer of die volgende stelling WAAR of VALS is.

Al die elemente wat benoem word in bogenoemde paragraaf is metale.

Verduidelik jou antwoord. (2)

2.2.2 As al die elemente op ‘n plat oppervlakte in die teenwoordigheid van ŉ staafmagneet geplaas word, watter van die volgende elemente sal aangetrek of afgestoot word van die staafmagneet?

Teken die tabel oor in jou ANTWOORDEBOEK en voltooi die tabel.

| STOF | AANTREK / AFSTOOT |
|---|---|
| Aluminium | |
| Koolstof | |
| Yster | |
| Koper | |
| Sink | |
| Nikkel | |

(6 x 1) (6)

2.2.3 Watter tipe eienskap besit die stowwe wat deur die staafmagneet aangetrek word? (1)

2.3 Hier volg ŉ tabel met stowwe genoem in bogenoemde paragraaf, sowel as ander stowwe, met hul onderskeie termiese geleidingsvermoë. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

EcoleBooks

| MATERIAAL | TERMIESE GELEIDINGSVERMOË ($W\ m^{-1}K^{-1}$) by 25 °C |
|---|---|
| Lug | 0,0262 |
| Aluminium | 205 |
| Baksteen | 0,15 |
| Poliëster | 0,05 |
| Glas | 1,05 |
| Koper | 401 |
| Vleklose staal | 16 |

2.3.1 Definieer die term *isolator.* (2)

2.3.2 Identifiseer TWEE van die mees effektiewe isolators in die tabel. (2)

2.3.3 Gee ŉ rede waarom jy die stowwe in VRAAG 2.3.2 as isolators geïdentifiseer het. (1)

**[24]**




DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3

Analiseer en bestudeer die Aufbau-diagram van 'n onbekende element wat in die onderstaande diagram geteken is:




3.1 Definieer die term *element.* (2)

3.2 Identifiseer in watter groep en watter periode die element gevind word. (2)

3.3 Skryf neer die atoomgetal van die element. (1)

3.4 Skryf neer die s-p notasie van hierdie element. (3)

3.5 Gee die NAAM en SIMBOOL van die element. (2)

3.6 Identifiseer die aantal VALENSIE-elektrone van die element. (1)

3.7 Skryf neer die Aufbau-diagram van die ioon-vorm van die element. (3)

3.8 Identifiseer of hierdie element in sy ioon-vorm 'n KATIOON of ANIOON is. (1)

3.9 Hieronder is gegee *atome met dieselfde atoomgetal, maar verskillende massagetal*.

| | |
|---|---|
| (1) $^{12}_{24}Mg$ | (2) $^{12}_{25}Mg$ |

3.9.1 Gee die korrekte term vir die onderstreepte woorde. (1)

3.9.2 Watter stof het 'n oormaat aantal elektrone? Skryf slegs die nommer (1) of (2) neer. (1)

3.9.3 Wat sal die lading van ***Mg*** wees as dit van 'n atoom na 'n ioon verander word?
Skryf positief of negatief. (1)

3.9.4 Bestudeer die volgende tabel deur SLEGS die vraagnommer en die letters (a) tot (h) in jou ANTWOORDEBOEK neer te skryf en daarna NET die regte antwoord (naam of nommer) neer te skryf.

| Naam | Simbool | Aantal protone | Aantal neutrone | Aantal elektrone |
|---|---|---|---|---|
| Natrium | (a) | 11 | (b) | 11 |
| (c) | $Li^+$ | 3 | 4 | (d) |
| Kalium | (e) | 19 | (f) | 19 |
| (g) | (h) | 8 | 8 | 10 |

(9 x 1) (9)

3.10 Definieer die *massagetal van ŉ atoom.* (2)

3.11 Balanseer die chemiese reaksies wat hieronder gegee word:

(a) $CH_4 + O_2 \rightarrow CO_2 + H_2O$ (2)

(b) $N_2 + O_2 \rightarrow NO_2$ (2)

3.12 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | $Ca + CO_2 + H_2O \rightarrow$ | B | Magnesiumsulfaat |
| C | $SO_4^-$ | D | $KNO_3 \rightarrow ... + ...$ |
| E | Swawelsuur + Sink $\rightarrow$ | F | $SO_3^-$ |
| G | $NH_4Cl$ | H | Natriumhidroksied |
| I | $Mg^{2+}$ | J | Stikstofdioksied |

3.12.1 Definieer die term *verbinding.* (2)

3.12.2 Voltooi die vergelyking genommer **D** deur die formule te skryf van die produkte wat gevorm is. (4)

3.12.3 Identifiseer die letters wat reageer as reaktante om verbinding **B** as produk te produseer. (2)

3.12.4 Skryf neer die NAME van die produkte in **E** gevorm. (4)

3.12.5 Skryf neer die chemiese formule van die letters **H** en **J**. (4)

**[49]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4**

4.1 Definieer *suiwer stof*. (2)

4.2 Skryf EEN voorbeeld oor elk van die onderstaande konsepte:

4.2.1 Isolator (1)

4.2.2 Geleier (2)

4.3 Definieer die term *katioon*. (2)

4.4 Identifiseer van die chemiese stowwe gegee:

4.4.1 Katioon in $CO_2$ (2)

4.4.2 Anioon in $H_2O$ (2)

4.5 Voltooi die Stock-notasie van die volgende:

4.5.1 $FeO_3$ (2)

4.5.2 $CuCl_2$ (2)

4.6 Kyk na die tabel hieronder. Dit dui ŉ eenvervoudigde weergawe van die periodieke tabel aan. Elemente is vervang met die letters (a) tot (l).

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (i) | | | | | | | | | | | | | | | | | (j) |
| (a) | | | | | | | | | | | | (d) | (l) | (m) | (f) | | |
| | (b) | | | | | | | | | | | | (e) | | | (k) | (g) |
| | | | | | | | (h) | | | (c) | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Skryf neer die letter(s) wat die volgende verteenwoordig:

4.6.1 Halfmetale (2)

4.6.2 Gas wat gebruik word om ballonne te vul (1)

4.6.3 ŉ Gas wat in groep 1 verskyn (1)

4.6.4 Alkali-aard metaal (1)

4.6.5 ŉ Halogeen (1)

4.6.6 Het atoomgetal van 12 (1)

4.6.7 Het 3 protone in sy nukleus (1)

4.6.8 Die hoogste energie-orbitaal is ten volle gevul met gepaarde elektrone (1)

4.6.9 Edelgas in periode 3 (1)

4.7 Skryf neer die NAME en SIMBOLE van die elemente wat verteenwoordig word deur (b); (f) en (i). (6)

4.8 Definieer die term *diatomies.* (2)

4.9 Watter letters kan as diatomiese elemente geïdentifiseer word? (3)

**[35]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 5**

Bestudeer die volgende tabel waar stowwe by kamertemperatuur van 20 °C gemeet word.

| STOF | SMELTPUNT °C | KOOKPUNT °C |
|---|---|---|
| Suurstof | -219 | -183 |
| Etanol | -15 | 78 |
| Natrium | 98 | 890 |
| Swawel | 119 | 445 |
| Yster | 1 540 | 2 900 |
| Glas | 1 400 | 2 230 |
| Diamant | 3 550 | 4 832 |

5.1 Definieer *temperatuur*. (2)

5.2 Noem die instrument wat gebruik is om die temperature te meet. (1)

5.3 Watter tipe skaal word gebruik op die instrument, genoem in VRAAG 5.2 om lesings te verkry? (1)

5.4 Noem TWEE ander verskillende soorte instrumente, behalwe die in VRAAG 5.3 genoem, wat in ons daaglikse lewe gebruik word om temperatuur te meet. (2)

5.5 Herlei die volgende na Kelvin temperatuur:

5.5.1 Suurstof smeltpunttemperatuur (2)

5.5.2 Swawel kookpunttemperatuur (2)

5.6 Identifiseer EEN stof van die volgende fases deur die smeltpunt en kookpunt in die gegewe tabel te bestudeer:

5.6.1 Vastestof (1)


5.6.2 Vloeistof (1)

Kopiereg voorbehou 

5.7 ’n Groep leerders voer ’n eksperiment uit om vas te stel by watter temperatuur paraffienwas smelt en stol.

Die volgende prosedures is uitgevoer:

1. ’n Proefbuis met soliede was word verhit totdat dit smelt.
2. Die warm gesmelte was word afgekoel en die temperatuur word by intervalle aangeteken.
3. Die soliede was word dan weer verhit en die temperatuur word met gereelde intervalle aangeteken totdat dit weer smelt.




Die volgende resultate van die eksperiment word verkry.

| TYD(S) | TEMPERATUUR (°C) | WAARNEMINGS |
|---|---|---|
| 0 | 27 | Wit vastestof |
| 120 | 28 | Wit vastestof |
| 240 | 29 | Wit vastestof |
| 360 | 31 | Wit vastestof |
| 480 | 46 | Wit vastestof, gedeeltelik vloeistof |
| 600 | 58 | Wit vastestof, gedeeltelik vloeistof |
| 720 | 62 | Wit vloeistof |
| 840 | 66 | Wit vloeistof |
| 960 | 70 | Helder vloeistof |
| 1 080 | 70 | Helder vloeistof |

5.7.1 Definieer *hitte.* (2)

5.7.2 Identifiseer die tydperk waar die was nog steeds ’n vastestof was. (1)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



5.7.3 By watter temperatuur het die soliede was gesmelt? (1)

5.7.4 Wat is die bron van hitte in hierdie eksperiment? (1)

5.7.5 Dit is onveilig om paraffienwas in die laboratorium oor 'n oop vlam te verhit. Gee 'n rede vir hierdie stelling. (2)

5.7.6 Identifiseer letters **A**, **B** en **D**. (3)

**[22]**

**TOTAAL: 150**

ÉcoleBooks

**NATIONAL SENIOR CERTIFICATE**
***NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT***

**DATA FOR TECHNICAL SCIENCES GRADE 10**
**PAPER 2 (CHEMISTRY)**

***GEGEWENS VIR TEGNIESE WETENSKAPPE GRAAD 10***
***VRAESTEL 2 (CHEMIE)***

## TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS/*TABEL 1: FISIESE KONSTANTES*

| NAAM/*NAME* | SIMBOOL/*SYMBOL* | WAARDE/*VALUE* |
|---|---|---|
| Standard pressure<br>*Standaarddruk* | $p^{\theta}$ | $1{,}013 \times 10^5$ Pa |
| Molar gas volume at STP<br>*Molêre gasvolume teen STD* | $V_m$ | $22{,}4\ dm^3 \cdot mol^{-1}$ |
| Standard temperature<br>*Standaardtemperatuur* | $T^{\theta}$ | 273 K |
| Charge on electron<br>Lading op elektron | e | $-1{,}6 \times 10^{-19}$ C |
| Avogadro's constant<br>Avogadro se konstante | $N_A$ | $6{,}02 \times 10^{23}\ mol^{-1}$ |

ÉcoleBooks

## TABLE 2: FORMULAE/*TABEL 2: FORMULES*

| | |
|---|---|
| $n = \frac{m}{M}$ | $n = \frac{N}{N_A}$ |
| $c = \frac{n}{V}$ **OF** $c = \frac{m}{MV}$ | $n = \frac{V}{V_m}$ |
| $\frac{p_1V_1}{T_1} = \frac{p_2V_2}{T_2}$ | $pV = nRT$ |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## TABEL 3: DIE PERIODIEKE TABEL VAN ELEMENTE

**KEY/*SLEUTEL***

Atomic number / *Atoomgetal*: 29
Electronegativity / *Elektronegatiwiteit*: 1,9
Symbol / *Simbool*: Cu
Approximate relative atomic mass / *Benaderde relatiewe atoommassa*: 63,5

| 1 (I) | 2 (II) | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 (III) | 14 (IV) | 15 (V) | 16 (VI) | 17 (VII) | 18 (VIII) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2,1<br>1<br>H<br>1 | | | | | | | | | | | | | | | | | 2<br>He<br>4 |
| 1,0<br>3<br>Li<br>7 | 1,5<br>4<br>Be<br>9 | | | | | | | | | | | 2.0<br>5<br>B<br>11 | 2.5<br>6<br>C<br>12 | 3.0<br>7<br>N<br>14 | 3.5<br>8<br>O<br>16 | 4.0<br>9<br>F<br>19 | 10<br>Ne<br>20 |
| 0,9<br>11<br>Na<br>23 | 1,2<br>12<br>Mg<br>24 | | | | | | | | | | | 1.5<br>13<br>Aℓ<br>27 | 1.8<br>14<br>Si<br>28 | 2.1<br>15<br>P<br>31 | 2.5<br>16<br>S<br>32 | 3.0<br>17<br>Cℓ<br>35,5 | 18<br>Ar<br>40 |
| 0,8<br>19<br>K<br>39 | 1,0<br>20<br>Ca<br>40 | 1,3<br>21<br>Sc<br>45 | 1.5<br>22<br>Ti<br>48 | 1.6<br>23<br>V<br>51 | 1,6<br>24<br>Cr<br>52 | 1.5<br>25<br>Mn<br>55 | 1.8<br>26<br>Fe<br>56 | 1.8<br>27<br>Co<br>59 | 1.8<br>28<br>Ni<br>59 | 1.9<br>29<br>Cu<br>63,5 | 1.6<br>30<br>Zn<br>65 | 1.6<br>31<br>Ga<br>70 | 1.8<br>32<br>Ge<br>73 | 2.0<br>33<br>As<br>75 | 2.4<br>34<br>Se<br>79 | 2.8<br>35<br>Br<br>80 | 36<br>Kr<br>84 |
| 0,8<br>37<br>Rb<br>86 | 1,0<br>38<br>Sr<br>88 | 1,2<br>39<br>Y<br>89 | 1.4<br>40<br>Zr<br>91 | 41<br>Nb<br>92 | 1,8<br>42<br>Mo<br>96 | 1.9<br>43<br>Tc | 2.2<br>44<br>Ru<br>101 | 2.2<br>45<br>Rh<br>103 | 2.2<br>46<br>Pd<br>106 | 1.9<br>47<br>Ag<br>108 | 1.7<br>48<br>Cd<br>112 | 1.7<br>49<br>In<br>115 | 1.8<br>50<br>Sn<br>119 | 1.9<br>51<br>Sb<br>122 | 2.1<br>52<br>Te<br>128 | 2.5<br>53<br>I<br>127 | 54<br>Xe<br>131 |
| 0,7<br>55<br>Cs<br>133 | 0,9<br>56<br>Ba<br>137 | 57<br>La<br>139 | 1.6<br>72<br>Hf<br>179 | 73<br>Ta<br>181 | 74<br>W<br>184 | 75<br>Re<br>186 | 76<br>Os<br>190 | 77<br>Ir<br>192 | 78<br>Pt<br>195 | 79<br>Au<br>197 | 80<br>Hg<br>201 | 1.8<br>81<br>Tℓ<br>204 | 1.8<br>82<br>Pb<br>207 | 1.9<br>83<br>Bi<br>209 | 2.0<br>84<br>Po | 2.5<br>85<br>At | 86<br>Rn |
| 0,7<br>87<br>Fr | 0,9<br>88<br>Ra<br>226 | 89<br>Ac | | | | | | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 58<br>Ce<br>140 | 59<br>Pr<br>141 | 60<br>Nd<br>144 | 61<br>Pm | 62<br>Sm<br>150 | 63<br>Eu<br>152 | 64<br>Gd<br>157 | 65<br>Tb<br>159 | 66<br>Dy<br>163 | 67<br>Ho<br>165 | 68<br>Er<br>167 | 69<br>Tm<br>169 | 70<br>Yb<br>173 | 71<br>Lu<br>175 |
| 90<br>Th<br>232 | 91<br>Pa | 92<br>U<br>238 | 93<br>Np | 94<br>Pu | 95<br>Am | 96<br>Cm | 97<br>Bk | 98<br>Cf | 99<br>Es | 100<br>Fm | 101<br>Md | 102<br>No | 103<br>Lr |

Kopiereg voorbehou